SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA

SARLNUUS SONDAG 9 FEBRUARIE 2003

U luister na amateurradiostasie ZS6SRL van die Suid-Afrikaanse Radioliga, die nasionale vereniging vir amateurradio in Suid-Afrika, met 'n nuusbulletin wat elke Sondag om 08:15 Sentraal Afrika Tyd (SAT) in Afrikaans en om 08:30 SAT in Engels uitgesaai word.

Hierdie bulletin is ook op die webwerf van die SARL by www.sarl.org.za en op pakketbulletinborde beskikbaar.

In die nuus vandag:

STIL SLEUTELS IN DIE COLUMBIA TRAGEDIE

AMATEURS HELP IN SOEKTOG NA COLUMBIA PUIN

AMATEURHULP MET AUSTRALIESE BOSBRANDE

KLK-BEKOMMERNIS WEER OP DIE VOORGROND IN EUROPA

SARL INTEGNET KOM OP 23 FEBRUARIE TERUG

Bly ingeskakel vir meer besonderhede hieroor en ander nuusitems.

Besoek ook die SARL-webblad of skakel die SARL-kantoor wat vanaf 09:00 tot 13:00 op weeksdae oop is by telefoon 011 675-2393 vir inligting oor hoe om by die SARL aan te sluit, boekverkope en alle verwante amateurradio-aangeleenthede.

Die SARLnuusdiens nooi klubs en individue om nuus aangaande amateurradio aan news@sarl.org.za nie later nie as die Donderdag wat die bulletin voorafgaan, in te stuur. Indien moontlik stuur dit asb in Afrikaans sowel as Engels.

U luister na ZS6SRL.

Die nuus volg in besonderhede:

STIL SLEUTELS IN DIE COLUMBIA TRAGEDIE

Drie ontdekkers met amateurradioroepseine het verlede naweek hulle lewens verloor tesame met die res van die bemanning van STS-107, die Columbia ruimetuig toe dit opgebreek en oor Texas uitgebrand het slegs sestien minute voordat dit na 'n ruimtereis van sestien dae op die aarde sou land.

Columbia was die oudste tuig in die NASA vloot.

Die bemanningslede met amateurradioroepseine was vlugspesialiste 'KC' Chawia, KD5ESI, David Brown, KC5ZTC en Laurel Clark, KC5ZSU.

Studente van die Glen Waverley kollege in Melbourne Australië was stomgeslaan. Sestien dae vantevore was hulle in die VSA om te sien hoe 'n spesiale skoolprojek van hulle in die Columbia die ruimte ingaan. Dit was 'n wetenskaplike eksperiment met 'Aussie' spinnekoppe om die sterkte van spinnerakke in zerograwitasie te toets.

Die vlae van die Verenigde State, die ARRL en die Internasionale Amateur-RadioUnie het halfmas gehang by die hoofkantoor van die ARRL terwyl die amateurradiogemeenskap aangesluit het by die res van die wêreld om te rou oor die verlies van die sewe Columbia ruimtevaarders.

Deur die Space Amateur Radio EXperiment (SAREX) en die Amateurradio in die Internasionale Ruimtestasie (ARISS) program het amateurs 'n spesiale verhouding met die ruimtevaarderskorps.

AMATEURS HELP IN SOEKTOG NA COLUMBIAPUIN

In Texas verlede week het ARES (vir Amateur Radio Emergency Service) en SKYWARN vrywilligers die federale-, staats- en lokale amptenare en hulporganisasies ondersteun in hulle soektog na puin van Columbia en oorskot van die bemanningslede.

"Amateurradio het bewys die enigste betroubare kommunikasie-opsie gedurende die herwinnningspoging te wees", het Publieke Inligtingsbeampte Tim Lewallen, KD5ING, van die Nacogdoches Amateurradioklub gesê. "Die kommunikasiestelsels wat deur ander federale en staatsorganisasies gebruik word kan nie deur die 'dennegordyn', soos dit in Oos-Texas bekend is, dring nie. Hy het gesê dat selfs plaaslike owerhede probleme met hulle radiotoerusting het.

Lewellan het gesê dat federale owerhede versoek het dat elke soekspan ten minste een radioamateur by hulle het om te help om die herwinningspogings gekoördineerd en georganiseerd te laat verloop.

Alan Hayes, NE5AH, van die Suidelike Texasafdeling van die ARRL het gesê dat te danke aan al die vrywillige hulp van buite hulle gebied hulle die infrastruktuur en draagbare herhalers in posisie het. Vrywilligers het gebruik gemaak van 'n draagbare herhaler wat deur die Garland amateurradioklub beskikbaar gestel is.

Hayes het gesê tot datum het amateurradio bewys die enigste betroubare kommunikasiemedium in die soekgebied te wees en dat ongeveer 25 operateurs daagliks benodig was. Hy het afgesluit met die stelling dat tot dusver alternatiewe kommunikasie deur middel van ander metodes onsuksesvol was.

AMATEURHULP MET AUSTRALIESE BOSBRANDE

VK3SWI rapporteer dat bosbrande nog steeds aan die gang is in die noord-ooste van VK3- en die Gippslandgebied van die verre oostelike Victoria.

WICEN Victoria is gevra om operateurs vir vyf lugvleulliggings te verskaf. WICEN is in Australië die eweknie van Hamnet by ons.

Goeie nuus is dat die getal operateurs in die Ovens- en Mt Beauty-gebiede verminder kon word. Die Corryonggebied is steeds baie aktief en 'n groot hoeveelheid verkeer word steeds gehanteer aangesien groot brande buite beheer in die hoogliggende vlaktes woed.

In hierdie nuusberig sowel as die een oor die Columbiaramp, wat uit die ARRL-nuusbrief en Qnews respektiewelik verkry is, word die feite weer duidelik onderstreep dat radioamateurs altyd gereed is om kommunikasie tydens rampvoorvalle te voorsien en dat dit gedoen kan word wanneer die normale stelsels faal en dat hulle 'n belangrike gemeenskapsdiens lewer.

KLK-BEKOMMERNIS WEER OP DIE VOORGROND IN EUROPA

Die KLK-debat gaan onverpoos voort in Europa terwyl die FCC in die VSA die versekering gegee het dat KLK of kraglynkommunikasie nie gelisensieër sal word totdat die stelsels en hulle impak op HF-kommunikasie ten volle ondersoek is nie.

Die Europese Kommissie is ten gunste van KLK as 'n stuk gereedskap vir markkompetisie. Oënskynlik word kortgolfuitsendings en amateurradio nie as belangrik beskou nie. Net sekuriteitsdienste benodig beskerming. By die vergadering van "belanghebbendes" sowel as by die PLT-werksgroepvergadering van CENELEC is gesê dat geen amptelike klagtes aan die outoriteite voorgelê is nie terwyl baie duisende lyne Toegangs-PLT reeds verskeie maande aan die loop is.

'n Groep radioamateurs in verskeie lande waar KLK op 'n toetsbasis in bedryf is, versamel nou getuienis en plaas druk op hulle regerings om offisiële klagtes te loods. Tans is die grootste bestaande kopernetwerk wat vir digitale kommunikasie oorweeg en getoets word die elektriese kragverspreidingsnetwerk. Kraglyntelekommunikasie plaas wyeband (0.5MHz - 30MHz) digitale seine op kraglyne om "Internet vanaf die Kraglyn" aan die verbruikersmark te voorsien. Die resultate is oormatige steuring op 'n wye reeks van hoë frekwensies. Kyk na kort videosnitte oor hoe KLK-steurings op HF lyk by http://www.powerline-plc.info/video.html. In Suid-Afrika is die situasie nie duidelik nie. Terwyl Telkom onlangs die SARL meegedeel het dat hy nie KLK oorweeg nie, is die tweede netwerkoperateur 'n onbekende perd. Dit is egter 'n bekende feit dat minstens twee van die vennote in die konsortium oor uitgebreide kragnetwerke beskik en dat een van die vennote onlangs gesê het dat hy die gebruik van die kragverspreidingnetwerk voorstel as 'n effektiewe en goedkoop manier om internettoegang as deel tot oorbrugging van die digitale skeidingsveldtog. Om meer oor KLK te wete te kom, lees die Eurocomverslag op www.iaru-r1.org.

DIE JOHANNESBURG 650-HERHALER SAL SARL INTEGNET 2003 DRA

Die herhaler wat die eerste ooit Interaktiewe Tegniese Net, die Johannesburgse 145,650, het teruggekom na die groep en sal die 2003-serie van integnette dra wat op 23 Februarie begin.

Die program op 23 Februarie sal Dr John Champa, K8OCL, die voorsitter van die ARRL se Hoëspoed Digitale Netwerke en Multimedia werkgroep, betrek. Die groep is deel van die ARRL se Amateurradio Tegnologietaakmag wat in die lewe geroep is om nuwer kommunikasietegnologieë te ondersoek en moontlikhede om hul aanwending en aanpasbaarheid in die amateurradiodiens te evalueer

K8OCL sal die werking van sy groep bespreek en die lig laat val op die onlangs aangekondigde “Hinternet”, ’n modus wat in staat is om gelyktydig oudio-, video- en dataseine te dra.

Die interaktiewe spraakaanbieding sal ook gedra word op die 145,650 herhaler in Durban, 145,750 herhaler in Pretoria en die Ooskaapse herhalernetwerk wat vanaf Mosselbaai tot Oos Londen strek en binnelands tot verby Cradock. Daar sal ook ’n interaktiewe herleiding op 3718 kHz LSB en ’n uitsending deur Sentech op 3215 kHz AM op die lug wees.

Die program sal vanaf 20:00 tot 21:30 die aand plaasvind.

Klubs wat aan die interaktiewe netwerk wil deelneem en hulle herhaler wil koppel moet ’n e-pos aan armi@sarl.org.za stuur met besonderhede van hulle herhalerdekking, frekwensie en telefoonnommer wat gekoppel moet word. Sit asb SARL INTEGNET2003 in die onderwerpblokkie.

’N ONTBYTRIT VIR RADIOAMATEURS OP MOTERFIETSE

’n Ontbytrit is gereël vir Sondag 2 Maart vir alle geïnteresseerde moterfietsryers wat ook radioamateurs is. Deelnemers ontmoet by die NARS om 07:30 en vertrek om 08:00 vir ontbyt by die Hartbeespoortdam. Belangstellendes moet asb vir Ray Webber by e-posadres zs6rsw@global.co.za of tel 082 491-8758 kontak.

NUWE ADRES VIR NUUSITEMS

Die gebruik van die Hotmailadres vir sarlnuus is nou gestaak. Nuusitems moet in die vervolg slegs aan news@sarl.org.za gestuur word.

Hierdie bulletin is saamgestel deur George, ZS6NE, en gelees deur …… vanuit …… as ’n diens aan radioamateurs, kortgolfluisteraars en elektronikaentoesiaste.

Die SARL nooi u ook om Sondae om 10:00 na Amateur Radio Mirror International op 21560, 9750 en 7082 kHz en 145,625 MHz in die Oos Londen-, 145,650 in die Durban- en 145,750 in die Pretoria en 145,800 MHz in die Sandtongebied te luister.

’n Heruitsending kan Maandagaande om 20:00 SAT op 3215 kHz gehoor word. ARMI word deur Telkom en Sentech geborg.

Die volgende net van die President van die SARL sal op Sondag 23 Februarie gehou word.

U het geluister na ZS6SRL, dankie dat u by ons aangesluit het. Baie dankie aan diegene wat items vir die bulletins verskaf en aan al die amateurs wat so gereëld die herleidings waarneem.

Hierdie Afrikaanse uitsending eindig nou en SARLNUUS wens u ’n aangename week toe.

Totsiens almal.

/EX